# Boekaankondigings/Publication Notice

**BROODRYK, M. 1992. Die Kaapse Noordgrensoorloë, 1868-1879.** Pretoria : Die Staatsdrukker. *In* Argiefjaarboek, Jaargang 55, p. 169-563.

Die doelwit met hierdie studie was om die oorsake, verloop en gevolge van die konfliksitasie op die noordwestelike grens van die Kaapkolonie (1868-1879) te beskryf en te ontleed. Die vernaamste rolspelers in hierdie situasie van onrus, botsing en stryd was die Kaapse koloniale regering wat die rondtrekkende blanke en Basterveeboere binne die koloniale gebied verteenwoordig het en die verskillende Koranagroepe wat op die oewers van die Oranje en in die omgewing van die huidige Upington woonagtig was.

Veeboere wat om ekonomiese redes al dieper die binneland ingetrek het, die verskuiwing van die noordelike grens van die Kaapkolonie, die gevolglike besetting van Boesmanland en die noordelike gedeelte van Namakwaland, en die onvermoë van die Kaapse owerheid om die onrussituasie te ontlont en die toestand te stabiliseer het onafwendbaar op 'n krisis afgestuur.

In hierdie studie word aangetoon hoe aspekte soos die Boesmans en Koranas se verlies van grondgebied en lewensruimte, die versteuring van die inheemse bevolking se tradisionele lewenswyse en die gebrek aan stabiliteit aan die noordgrensgebied uiteindelik tot twee oorloë gelei het.

Hierdie publikasie van Broodryk is 'n waardevolle navorsingsbydrae tot die ontsluiting van hierdie spesifieke periode in die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

**WARREN, D. 1992. Merchants, Commisioners and Wardmasters: Municipal and Colonial Politics in Cape Town 1840-1854.** Pretoria : The Government Printer. *In* Archives Year Book for South African History. Vol. 55. p. 1-163B.

*Merchants, Commisioners and Warmasters: Municipal and Colonial Politics in Cape Town 1840-1854* explores the social, political and economic changes and conflict that helped to determine Cape Town's evolution in the mid nineteenth century. The focus lies on the dominant classes who were involved in municipal and colonial affairs. This study critically examines the thesis first pronounced by Tony Kirk, of class rivalry between Cape Town's 'aristocracy', the mercantile

élite, and the rising commercial middle class which dominated the municipal executive. This study also investigates the intra-institutional relations between the municipal commissioners (the executive) and wardmasters (members of the junior board of the municipality), and the role played by the municipality in Cape politics. In filling a gap that exists in the growing body of academic research on the history of Cape Town, this dissertation aims to make an original contribution to the field of South African urban history.